Berg-en-Dal

# Paaswaak en Aandnagmaal

## Donderdag, 28 Maart 2024



"Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het,
breek Hy dit, gee dit vir die dissipels en sê: 'Neem, eet, dit is my liggaam.'
Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit vir hulle gegee en gesê:
'Drink almal daaruit, want dit is my bloed,
die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes.
Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek beslis nie weer van hierdie vrug van die wingerdstok
drink nie, tot daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink
in die koninkryk van my Vader.'"
(Matteus 26:26-29)



Ons verwelkom u by ons diens vanaand.
Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou u een benodig – u kan vooraf reeds die Skrifgedeeltes uit die Matteus-evangelie en liedere opsoek.
MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

## Weer onthou ons... die lyding, kruisiging en opstanding van Christus

Reeds vroeg in die geskiedenis van die Christelike Kerk was die jaarlikse herdenking van die lyding, kruisiging en opstanding van Jesus Christus vir gelowiges 'n tyd van selfondersoek, verootmoediging en verdieping. Dít was ook die aandrang in die laaste gelykenisse van Jesus wat ons die afgelope week gelees het – Matteus 21, 22 en 23: Oor 'n wingerd of bruilof, beelde van God se genade, sorg, omgee en blydskap; Hý die "pa" (21:28), "grondeienaar" (21:33) en "koning" (22:2). In aldrie gelykenisse is daar sprake van 'n seun(s)! In die eerste gelykenis word twee seuns gestuur om in die wingerd te gaan werk; in die tweede een word eers boodskappers en later die grondeienaar se eie seun gestuur om die huuropbrengs te gaan haal; in die derde gelykenis gaan dit om die seun se bruilof en mense wat uitgenooi was – gelade beelde, gegewe Israel se Messiasverwagting, en dít, Jesus se woorde ín Jerusalem, die week voor die Pasga! In aldrie gelykenisse is daar 'n tydsverloop: Die woorde "later" (21:29 en 32); die wéér en wéér en wéér stuur van boodskappers om te bly vra, te bly uitnooi – kom, die koninkryk van die hemel in – en dan uiteindelik... Uiteindelik, in die tweede en derde gelykenis eindig dit in tragedie, verwoesting, dood (21:41, 44 en 22:6, 13). Daar was 'n erns, 'n groeiende dringendheid in Jesus se stories daardie laaste Sondag, Maandag en Dinsdag by die tempel. En telkens, aan die einde van elk van dié gelykenisse, 'n onverwagse wending: Ja, die eerste hoorders wás die godsdienstiges van destyds (tempelgangers, leierpriesters, Skrifgeleerdes, Fariseërs) – Hy spreek húl duidelik aan, vra heeltyd 'Wat dink julle...?' (21:31, 21:40). Maar sy stem en woorde was óók vir die latere generasies bedoel: Matteus se lesers, deur eeue heen, óns. Drie gelykenisse met 'n oproep tot selfondersoek en inkeer. En dan kom 'n vierde kort gelykenissie, net één sin: "Hoe dikwels wou Ek jou kinders (nie) bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie..." (23:27). Gód "wou", hulle/julle/ons "wou" nie. Hierdie vierde gelykenissie vra nie van die hoorders nog iets meer nie – die tyd is verby; hierdie is 'n afskeidswoord, sê Jesus self (23:39). En Hy huil: "Jerusalem, o Jerusalem..." (23:37).

'n Klaaglied, 'n lament oor 'n verlore stad, 'n verlore tempel, verlore mense, verlore kanse, verlore tyd, 'n verlore wêreld, die eeue deur, generasies na generasies. God wóu dit ánders hê. Jesus huil.

Vanaand kom dié woorde na ons by die aanvang van hierdie drie dae, die **Paastriduum**: **Witte Donderdag**, die dag van voorbereiding en reiniging vóór die fees en van die Laaste Avondmaal, en sy gevangeneming (Mat. 26); **Vrydag**, die verhoor deur die Joodse Raad en Pilatus, die kruisiging op Golgota, laatmiddag die begrafnis (Mat. 27); **Stil Saterdag**, dag van rus en rou (27:62-66); en toe **Sondag**, die Groot Verrassing (Mat. 28)! Saam met Christene wêreldwyd begin ons vanaand met 'n liturgie wat sal deurloop tot Sondagoggend wanneer ons feestelik afsluit. 'n Liturgie waarin ons eie leed én die lyding van 'n ganse mensdom en Skepping, opgeneem word in die breek van brood en skink van 'n beker wyn, en Christus dit wéér deur sy Gees vir ons tot troos en bemoediging aanreik. Sy woorde: *"Neem... drink... saam met julle in die koninkryk van my Vader"* (26:29).

**Klokgelui**
(soos die gekloek van 'n hoenderhen, besorgd, beskermend)

**Orrel, viool & tjello's:** "Arioso" (JS Bach)

## AANBIDDING

**Geleentheid vir stilgebed**

**Wydingslied:** "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278 – twee keer, sittend)

**Votumgebed:**
(uit Psalm 130 & 131)

Liturg: "Uit die dieptes roep ek na U, Here,
My Heer, hoor tog my stem,
laat U oor aandagtig luister na my smeekgebed."

Gemeente: "As U sondeskuld bly toereken, Here –
my Heer, wie kan dan staande bly?
Maar by U is daar vergifnis,
sodat U ontsag wek."

Liturg: "Ek wag op die Here;
my hele wese wag,
en op sy woord vestig ek my hoop."

Gemeente: "My hele wese wag op my Heer,
meer as wagte op die môre,
ja, wagte op die môre."

Liturg: "Israel, vestig jou hoop op die Here;
want by die Here is troue liefde,
by Hom is volkome bevryding."

Gemeente: "Ons vestig ons hoop op die Here,
nou en vir altyd.
Amen."

**Seëngroet**

**Loflied:** "Ek wil u lof getrou verkondig, Heer" (Psalm 145:1, 4, 6 & 9 - staande)

## HERINNERING

**Eerste Skriflesing:** Matteus 16:21-23 *– Eerste Lydensaankondiging*

**Lied:** “Die Woord het deur die eeue” (Lied 388:1)

**Uitdoof van die eerste kers**

**Tweede Skriflesing:** Matteus 17:22-23 – *Tweede Lydensaankondiging*

**Lied:** “Hy is verag deur mense” (Lied 388:2)

**Uitdoof van die tweede kers**

**Derde Skriflesing:** Matteus 20:17-19 – *Derde Lydensaankondiging*

**Lied:** “O Heer, uit bloed en wonde” (Lied 387:1)

**Uitdoof van die derde kers**

**Vierde Skriflesing:** Matteus 26:1-2 – *Vierde Lydensaankondiging*

**Lied:** “Aan sondaars gee U vrede” (Lied 388:3)

**Uitdoof van die vierde kers**

**Voorlesing:** “Goue poort, Jerusalem. Buite die muur 1998.” (IL de Villiers)

Die Goue, die Genadepoort, bly dig gesluit,
(net langs die Vullishek), met ruwe klip gestut
– die boog sou val. God is lankal self daaruit
in ballingskap tot Gabriël aan die mure ruk.

Elia sal die sjofar drie maal blaas en roep,
en glansend sal die Seun van Dawid nader gaan.
Stutte krummel waar die goudboog Hom begroet.
Dié dag sal engelwagte in krom stegies staan,

glo vrome Jode. O, Jerusalem, ek hoop,
ek snik psalms vir jou: Maak, Heer, iets hiervan waar;
beveel u Seun, ontsmet die vuil ou stad, maak oop
die boë, was die bloed, hoor bid die tollenaar!

Die roep van imams raas 'n swerm spreeus op.
Vier vaalgroen tenks rusper verby die poort, en stop.

**Tussenspel van orrel, tjello's en viool:** “Jesu, remember me...”

## VERKONDIGING

**Gebed om die opening van die Woord**

**Skriflesing:** Matteus 26:17-30

*"Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, gee dit vir die dissipels en sê: 'Neem, eet, dit is my liggaam.'*
*Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit vir hulle gegee en gesê: 'Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes.*
*Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek beslis nie weer van hierdie vrug van die wingerdstok drink nie, tot daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die koninkryk van my Vader.'"*

**Oordenking**

**Antwoord namens Gemeente:** "Panis Angelicus" – Solis: Mathildie Thom-Wium ( C Franck)

## VIERING

**Tafel word in gereedheid gebring & ouderlinge en lidmate kom sit aan**

**Herinnering aan die betekenis van die Nagmaal –**

**Liturg:** Geliefdes in die Here, Jesus het self die nagmaal ingestel...
As verbondsmaaltyd het die Nagmaal die volgende betekenis:

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n gedagtenismaaltyd. (almal lees hardop)
**Liturg:** By die instelling daarvan, het Jesus gesê: *"Gebruik dit tot my gedagtenis"* (Luk. 22:19). In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here. By die aanskouing van brood en wyn roep die gemeente haar die lydensweg van Jesus Christus voor die gees: Hoe Hy sy lewe gegee het; hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het; hoe Hy die lydensbeker gedrink en van God verlate was en uitgeroep het: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"* (Mark. 15:34), sodat ons nooit deur God verlaat sal word.

**Gemeente:** Lied 303 (Afrikaans)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n waarborg. (lees hardop)
**Liturg:** Jesus het gesê: *"Dit is my liggaam"* en *"Dit is my bloed"* (Mat. 26:26,28). So seker as vir elkeen hierdie brood voor sy/haar oë gebreek word en hierdie beker aan hom/haar gegee word en ons dit met die mond eet en drink, só seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding – asof ons sélf voor God gestaan het en die straf vir ons sonde gedra het. Hierdie sekerheid is nie gegrond op ons gevoelens nie, maar op die tekens uit die hand van die Here self.

**Gemeente:** Lied 303 (Engels)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n viering van ons gemeenskap met die Here en mekaar. (lees hardop)

**Liturg:** Deur sy Gees is die lewende Christus in die nagmaal by ons teenwoordig sodat ons in gemeenskap met God kan leef. Deur dieselfde Gees word ons ook weer as lidmate van een liggaam, in liefde saam verbind, soos Paulus sê: *"Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam één liggaam, want ons het almal deel aan die brood"* (1 Kor. 10:17).

**Gemeente:** Lied 303 (Afrikaans)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n verkondiging van ons toekomsverwagting. (lees hardop)

**Liturg:** Deur die nagmaal strek ons ons uit na die dag wanneer Christus in heerlikheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy hemel en aarde nuut sal maak, sodat geregtigheid daarin kan woon, en "God alles vir almal" kan wees. In die nagmaal verlang die bruid van Christus na die bruilofsmaal van die Lam.

**Gemeente:** Lied 303 (Engels)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n vreugdefees. (lees hardop)

**Liturg:** Al spreek die tekens van die lyding en sterwe van Jesus en al vier ons dit met gewyde erns, is dit 'n fees waar die Heiland op 'n besondere manier die vrugte van sy lyding, sterwe en opstanding uitdeel. In die nagmaal smaak ons nou al van die vreugde wat vir ons wag by die bruilofsmaal van die Lam.

**Gemeente:** Lied 303 (Afrikaans)

**Gemeente:** Die nagmaal is 'n fees van dankbaarheid. (lees hardop)

**Liturg:** Die Heilige Gees verseker ons deur die tekens van brood en wyn, van die genade wat ons in Christus ontvang. Hier, by die tafel, dank ons Hom met ons hele wese en gaan ons nou dankbaar ons lewe opnuut aan Hom wy. Ons juig saam met die Kerk van alle eeue en oorde:

**Geloofsbelydenis van Nicea** (staande en hardop saam):

"Ons glo in **een God, die almagtige Vader**,
die Skepper van die hemel en die aarde,
en van alle sienlike en onsienlike dinge;

en in **een Heer, Jesus Christus**,
die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle tye;
God uit God,
Lig uit Lig,

Waaragtige God uit waaragtige God, verwek, nie gemaak nie,
Een in wese met die Vader;
deur Wie alle dinge ontstaan het;
wat ter wille van ons, die mense, en ter wille van ons saligheid
neergedaal het uit die hemel,
vlees geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria,
en mens geword het, wat selfs vir ons gekruisig is onder Pontius Pilatus,
gely het en begrawe is;
en op die derde dag opgestaan het volgens die Skrifte;
wat opgevaar het na die hemel, en wat sit aan die regterhand van die Vader;
wat weer sal kom met heerlikheid
om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het,
wie se koningsheerskappy geen einde sal hê nie;

en in die **Heilige Gees**, die Heer en Lewendmaker,
wat van die Vader en die Seun uitgaan,
wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word,
wat gespreek het deur die heilige profete.
Ons glo aan een, heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.
Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;
ons verwag die opstanding van die ontslapenes,
en die lewe van die toekomstige eeu."

**Tafelgebed**

**Bediening van die brood en wyn**
(beide tekens word nou uitgedeel; ons wag tot almal daarvan ontvang het – ook die diakens – en gebruik dit dan tegelyk ná die instellingswoorde; elkeen neem van die brood, maar u kan ook een stuk neem en wanneer dit ingestel word, dit kleiner breek en met die persoon langs u deel)

**Instelling van die Nagmaal**

**Geleentheid vir 'n stilgebed...**

**"Die Lofsang":** "Die deur wat altyd vir ons oopstaan" (Psalm 118:5 - staande)
(Matteus 26:30 – tradisioneel die "Groot Lofgesang", Psalm 113-118).

## HERINNERING

**Uitdoof van die vyfde kers**

**Skriflesing:** Matteus 26:36-41 en 45-46

**Gebedslied:** "Jesus, ons Heer" (Taizélied 9)

Jesus, ons Heer, u lig skyn ook in ons.
Laat nie my twyfel en donkerte my skaad.
Jesus, ons Heer, u lig skyn ook in ons.
Open my hart, vir u lief-deswerk.

Lord Jesus Christ, your light shines within us.
Let not my doubts or my darkness speak to me.
Lord Jesus Christ, your light shines within us.
Let my heart always welcome your love.

**Skriflesing:** Matteus 26:47-54

**Gebedslied:** "Jesus, ons Heer" (Taizélied 9 – herhaal; woorde hierbo)

**Uitdoof van die sesde kers**

**Skriflesing:** Matteus 26:57-58 en 69-75

## AANBIDDING

**Geleentheid vir stilgebed**

**Uitdoof van die sewende kers – die middelste kers – die Christuskers.**

**Naspel**
(ná die vioolspel verlaat ons die kerkgebou in stilte)

**PASE 2024**

As leraars en kerkraad wens ons u almal 'n geseënde Paasnaweek toe en nooi u ook na die volgende eredienste:

29/3 Goeie Vrydag – 09:00 Erediens: Matteus 27

31/3, Paassondag – 09:30 Opstandingsdiens: Matteus 28)

